# Goeie begin is half gewin


Niel Viljoen

**deur Niel Viljoen**

Boerdery raak vandag al meer gesofistikeerd en verskil heelwat van 'n klompie jare gelede. Om vandag in die boerderyomgewing te oorleef, is nie net 'n uitdaging vir kommersiële boere nie, maar het ook 'n kuns geword om te oorleef. Die kuns is nie altyd soseer die oorlewingsfaktor nie, maar om die beste moontlike produk vir die verbruiker beskikbaar te stel teen die laagste moontlike produksiekoste. Produksiekostes word op alle vlakke besnoei en verliese aan produkte, hetsy weens klimaatsomstandighede of natuurlike oorsake, kan enige boer binne 'n baie kort tydjie in 'n benarde finansiële situasie dompel.

Landbouprodukte moet skoon en vry wees van plae, siektes en parasiete vir optimale groei. Insekte en siektes, wat 'n vrugteboord bedreig, moet dadelik met 'n gifstof behandel word om die boorde weer so gou moontlik gesond te kry vir optimale groei.

Vir die veeboer geld presies dieselfde situasie. Vee moet vry van parasiete en gesond wees, en verliese moet tot die minimum beperk word. Verliese weens reproduksie is fataal. Die grootste bedreiging vir die veeboerdery-sektor tans is droogtes, veediefstal en probleemdiere. Aan die droogtes kan veeboere niks doen nie, maar om te oorleef, sal boere moet saamwerk en drastiese stappe moet doen.

Probleemdiere, veral die rooijakkals en rooikat dwing talle veeboere jaarliks op hul knieë. Die belangrikste is om hierdie situasie vir die boer so gou moontlik van 'n negatief na 'n positief om te swaai. Hierdie negatiewe situasie word vir baie 'n geweldige sielkundige stryd. Die belangrikste punt wat 'n boer moet besef, is om op hoogte van sake te kom oor doeltreffende probleemdierbeheer. Begin vandag nog by die begin en dit is by jou, die boer self!

**Waar om te begin**

- Maak tyd – dit is die belangrikste! Probleemdierbestuur is nie iets wat in die verbygaan bestuur kan word nie. Hoe meer volhoubaar en deurlopend hoe beter.
- Sorg dat jy die plaas en grond so goed as moontlik leer ken.
- Leer ken die lewenssiklus en gedragspatrone van die roofdiere so spoedig moontlik. Vang- en vreetpatrone verraai die skuldiges.
- Rekords van veegetalle moet tot die fynste besonderhede gehou word en alle vorms van verliese moet noukeurig ontleed en aangeteken word.
- Maak die kopskuif en begin om proaktief op te tree teen die oorsaak van jou verliese.



Die enigste manier om die geweldige toename in die rooijakkals se getalle te beheer, is as teelgatbestuur reg en suksesvol toegepas word.

Identifiseer die oorsaak van verliese noukeurig. Boere moet die waarde en voordele van skandering besef. Dit is onontbeerlik in die hedendaagse veeboerdery. Sorg dat jy vroegtydig op hoogte is van hoe die verwagte lammeroes gaan lyk, beplan die lamareas deeglik en skerp toesig tydens die lamperiode op. Probleemdiere is wel 'n groot faktor as dit by veeverliese kom, maar hulle word dikwels onskuldig blameer vir alle verliese, wanneer dit eintlik die boer se nalatigheid en swak bestuur is.

Roofdiere betree aanhoudend lamareas, solank die reuk van vars bloed en nageboortes in die lug hang. Indien die boer nie proaktief teen die roofdiere opgetree het nie, moet hy oorgaan tot alternatiewe metodes. Klokkies, gifhalsbande, selfoonbande, flikkerende ligte, alarmgeluide en alle vorms van jakkalsjaers kan tydelik ingespan word, hoewel dit slegs die probleem verplaas. Probleemdiere skuif dalk vir 'n rukkie na die buurman, maar kom beslis later terug.

Indien enige vorm van afskrikmiddels gebruik word, moet die boer steeds voluit voortgaan met 'n roofdierbestuursprogram. Identifiseer die roofdiere se voorkeurblyplekke en doen moeite om teelgate op te spoor en professioneel uit die weg te ruim. Die enigste manier om die geweldige toename in die rooijakkals se getalle te beheer, is as teelgatbestuur reg en suksesvol toegepas word. Professionele nagjagters is hier die antwoord – maak seker dat jy die betroubare, professionele jagters in die omgewing ken. Dit is die boer se verantwoordelikheid om die jagters in te lig oor waar die probleemdiere op die plaas is.

'n Reeks beheermetodes is beskikbaar en sluit dodelike en niedodelike metodes in. Gebruik die metodes wat die beste vir jou en jou plaas werk. Indien dodelike metodes gebruik word, soos vangysters en nekslaners, moet die boer seker maak dat hy en sy arbeidsmag die nodige opleiding het om hierdie toerusting te gebruik. Wees verantwoordelik.

Indien die roofdiere jou met die rug teen die muur het, moet nooit moed verloor en na gif gryp nie. Dit is nie die antwoord nie. Jy gaan meer skade as goed aan die omgewing aanrig. Onthou, daar is honderde ander diere, insekte, reptiele en voëlspesies op die plaas en hulle vervul elkeen 'n nuttige rol in die omgewing. Die boer is ook verantwoordelik vir elkeen van hulle en moet hulle respekteer.

Roofdierbestuur moet met die res van jou boerderybestuur geïntegreer word. Bestuur probleemdiere heeljaar met dieselfde erns as wat jy die res van die boerdery bestuur.

So, die tyd is weer hier om so bietjie daardie ou veldskoene aan te trek, uit te klim uit die gerief van die lugversorging in die Land Cruiser en die veld weer deur te loop en te leer ken!

Dieselfde artikel verskyn in die volgende uitgawe van *Wolboer/Wool Farmer:* www.nwga.co.za.
Vir meer inligting skakel Niel Viljoen by 082 381 8227 of per e-pos: nielviljoen@gmail.com.